BRAHMAN

Simbra
Since • Sedert 1987

SIMMENTALER
VOED DIE WÊRELD
FEED THE WORLD

# Thabazimbi

LABORE OMNIA FLORENT

60

DRAKENSBERGER
Die Winsbees
The Profit Breed

CHAROLAIS SA

Pinzgauer
Meer vleis per hektaar
More meat per hectare

Hugenoot SA

# Skou

## 31 JULIE TOT 2 AUG '14

SA DEXTER

SANTA GERTRUDIS
SOUTHERN AFRICA

NGUNI Cattle Breeders' Society
Beestelersgenootskap
NGUNI
The breed from
the past for the future

SUSSEX

SA BRAUNVIEH

Geagte Veevertoner,

Dit is vir ons 'n voorreg om u as veevertoner uit te nooi na ons jaarlikse skou wat vanjaar DV vanaf 31 Julie tot 2 Augustus 2014 plaasvind.

Ons Rasverteenwoordigers kan by die volgende nommers gekontak word:

***Brahmane***
Rohan Beukes 082 460 8440 ranzabrahmane@live.co.za

***Afrikaner, Boran en Nguni***
Dr Pieter de Kock 082 809 7496 elbiedekock@lantic.co.za

***Simmentaler, Simbra en Charolais***
Theunis Lee 083 447 3171 tjlee@absamail.co.za

***Alle Ander Rasse***
Johan du Toit 082 879 3067 dutoiteff@gmail.com

President: Jan Trichardt 072-476-6745

Kantoor: 087-151-1837
Faks: 086-758-1018 (Alle ure)
e-pos: thabaskou@gmail.com

Rasse wat slegs vertoon word in krale moet asseblief self voer- en drinkbakke verskaf.

Bankbesonderhede:

| | |
|---|---|
| Naam: | Thabazimbi Landbou- En Nywerheidsgenootskap |
| Bank: | ABSA - Thabazimbi |
| Takkode: | 334-346 |
| Rekeningnommer: | 4074-101-694 |

Inskrywingsgeld: R100 per dier vir die eerste 10 diere
R50 per dier vir die res

Verdere inligting sal u onder die Skouprogram vind.

Skougroete,

***Boeta van Dyk***
*Voorsitter Diereafdeling*
072-447-3871

## OUDERDOMME SOOS OP 1 AUGUSTUS 2014

| | |
|---|---|
| 8 - 10 Maande | 01/10/13 - 30/11/13 |
| 10 - 12 Maande | 01/08/13 - 30/09/13 |
| 12 - 15 Maande | 01/05/13 - 31/07/13 |
| 15 - 18 Maande | 01/02/13 - 30/04/13 |
| 18 - 21 Maande | 01/11/12 - 31/01/13 |
| 21 - 24 Maande | 01/08/12 - 30/10/12 |
| 24 - 27 Maande | 01/05/12 - 31/07/12 |
| 27 - 30 Maande | 01/02/12 - 30/04/12 |
| 30 - 33 Maande | 01/11/11 - 31/01/12 |
| 33 - 36 Maande | 01/08/11 - 31/10/11 |
| 36 - 42 Maande | 01/02/11 - 31/07/11 |
| 42 - 48 Maande | 01/08/10 - 31/01/11 |
| 48 - 60 Maande | 01/07/09 - 31/07/10 |

***Slag-os Kompetisie***

| | |
|---|---|
| Groep van 4 veld osse: | 2 - 3 jaar |
| Groep van 4 Veekraal osse: | Ongewissel - 2 tand - A-Graad |

Elke teler mag ‘n maksimum van 4 groepe bring.

# THABAZIMBI LANDBOU- EN NYWERHEIDSGENOOTSKAP
# 31 Julie tot 2 Augustus 2014
# BEESTE AFDELING
# SKOUPROGRAM

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag | 29 Julie 2014 | | Aankoms van slag-osse by Abattoir |
| Woensdag | 30 Julie 2014 | 10:00 | Beoordeling op die hoef van slag-osse (by Abattoir) |
| | | | Aankoms van Brahmane voor 18:00 |
| | | | Meet en weeg van Brahmane |
| Donderdag | 31 Julie 2014 | 07:00 | Verversings in Lapa |
| | | | Alle diere op terrein voor 12:00. |
| | | 08:00 | Meet en weeg van Brahmane |
| | | 14:00 | Beoordeling Brahman Groepklasse. |
| | | | Beoordeling: Verskalf kampioenskap. |
| | | 18:00 | Vertonersete in Lapa ***(Alle Rasse)*** |
| Vrydag | 1 Augustus 2014 | 07:00 | Verversings in Lapa |
| | | 08:00 | Beoordeling aan die haak van slag-osse (by Abattoir) |
| | | | Beoordeling van Brahmane. |
| | | 09:00 | Beoordeling van ander rasse. |
| | | 13:00 | Middagete |
| | | | Kospakkies vir beeshanteerders. |
| | | 18:30 | Prysuitdeling van alle rasse in Lapa. |
| Saterdag | 2 Augustus 2014 | 08:00 | Verversings in Lapa |
| | | 08:30 | Interras Kompetisie |
| | | 12:00 | **Diere mag verwyder word.** |

## INTERRAS KAMPIOENSKAPPE:

Al die rasse op die skou mag deelneem aan die interras kampioenskappe met dien verstande dat die dier haltermak moet wees om in ‘n skouring gelei en vertoon te word in die volgende kompetisie klasse:

| | | |
|---|---|---|
| Klas 1: | Groep van twee bulle | - Slegs een inskrywing per teler. |
| Klas 2: | Groep van twee vroulike diere | - Slegs een inskrywing per teler. |
| Klas 3: | Groep van 4 diere van ‘n ras | - 2 manlik en 2 vroulik - uitgesoek deur rasverteenwoordiger. |
| Klas 4: | Interras Kampioen Bul<br>Interras Kampioen Vroulik. | |

## *REËLS EN VEREISTES VIR INSKRYWINGS 2014*

1 **INSKRYWINGS:**
- ☞ Inskrywings word slegs van stoettelers ontvang.
- ☞ Alle inskrywings moet volledig op die gedrukte vorm ingevul word en na Thabazimbi Skou by 086-758-1018 gefaks of na *thabaskou@gmail.com* ge-e-pos word.
- ☞ Inskrywingsgelde moet vooraf betaal word en bewys van inbetaling moet na die Skoukantoor gefaks of ge-e-pos word. Vee-vertoners moet met aankoms by die ***KANTOOR*** aanmeld om alle administrasie af te handel.
- ☞ Sluitingsdatum vir inskrywings: Skoudiere: 21 Julie 2014<br>Nie-Haltermak: 21 Julie 2014
- ☞ Die Genootskap maak geen terugbetalings van inskrywingsgelde wat deur die vertoner gekanselleer mag word nie.
- ☞ Die Genootskap behou die reg voor om lewendehawe op die terrein te weier of te behou.
- ☞ Voorsiening word gemaak vir die vertoning vir nuut ontwikkelde en geskepte rasse, maar sal egter nie toegelaat word om met ander te kompiteer nie, tensy hulle geregistreer is.

2 **VEEARTSENY VEREISTES:**
- ☞ Geldige BM/TB sertifikate moet getoon word.
- ☞ Vertoners is verantwoordelik om toe te sien dat diere wat besmet is met bosluise of aan besmetlike of aansteeklike siektes ly, nie op die terrein gebring word nie.

3 **INSKRYWINGSFOOI:**
- ☞ R100 per dier (eerste 10 diere), R50 per dier daarna.

4 **BEREKENING VAN OUDERDOM:**
- ☞ Die ouderdom van alle beeste sal bereken word soos op 1 Augustus 2014.
- ☞ Die Genootskap aanvaar geen aanspreeklikheid vir die korrektheid van inligting van die lewendehawe wat in katalogusse verskyn nie.

5 **AKKOMODASIE EN ETES VAN BEESHANTEERDERS.**
- ☞ Maak voorsiening om in die gange tussen die stalle slaappiek te maak. (Gebruik 'n seil vir afskorting).
- ☞ U kan ook gebruik maak van 'n tent of slaapplek op u vragmotor.
- ☞ Daar sal Vrydag, 1 Augustus, om 13:00, ‘n ete aan die die beeshanteerders verskaf word.
- ☞ **Geen vure mag tussen die stalle gemaak word nie.**
- ☞ Stalletjies sal vanaf Donderdagoggend oop wees vir addisionele etes.
- ☞ Om vir Vrydag kospakkies te reël is dit noodsaaklik dat u op u aansoekvorm aantoon hoeveel beeshanteerders u gaan saam bring.
- ☞ Vertoners sal verantwoordelik gehou word vir die gedrag van hulle werknemers of vir die gevolge van enige wangedrag van sulke werknemers.

6 **STALLE:** Beddegoed vir u diere sal voorsien word.
Toon asseblief op u inskrywingsvorm aan hoeveel stalle u vir u diere

nodig het. Daar is genoeg ruimte tussen die stalle vir veevoer.

7 **DRAGTIGHEID / KALFVEREISTES:**

- ☞ Dragtigheid sertifikate moet voorsien word, waar nodig.
- ☞ Verse is vroulike diere onder die ouderdom van 36 maande wat nog nie gekalf het nie. Dit geld vir alle vleis- en dubbeldoel rasse.

8 **HALTERS, NEUSRINGE EN BRANDE**

- ☞ Elke dier wat vasgemaak moet word, moet 'n sterk halter en tou aanhê.
- ☞ Alle bulle ouer as 15 maande moet 'n ring deur die neus hê.
- ☞ Alle diere 15 maande en ouer moet gebrand of getatoëer wees.

9 **TOEGANGSKAARTJIES:**

- ☞ Twee gratis toegangskaartjies en een voertuigpermit, sal aan elke vertoner verskaf word. **Voertuigpermit moet vasgeplak wees.**
- ☞ Beeshanteerderkaartjies: Dit vorm deel van sy etekaartjie vir Vrydag.

10 **BEOORDELING:**

- ☞ Beoordeling in alle afdelings sal geskied volgens die vereistes van die betrokke Rasstandaarde en die diskresie van die beoordelaars sal finaal wees.
- ☞ Twee of meer vertoners sal kwalifiseer om amptelik te skou in die amptelike skouklasse soos voorgeskryf deur die Beestelersgenootskap.
- ☞ Enkelvertoners of ingeval daar minder as 10 diere per ras ingeskryf is, sal die vertoners onderling reëlings maak om te identifiseer as: Kampioen Manlik en Kampioen Vroulik. Pryse sal in hierdie gevalle toegeken word.
- ☞ Beoordeling geskied stiptelik op die datums en tye soos uiteengesit op die program.
- ☞ Geen inmenging met beoordelaars sal toegelaat word nie.
- ☞ Slegs **BEOORDELAARS, RINGGIDSE, SKOUBEAMPTES** en **BEESHANTEERDERS** sal gedurende die beoordeling in die skouringe toegelaat word.
- ☞ Beoordelaars sal geen plekke toeken indien hulle van mening is dat daar nie aan die vereiste standaard voldoen word nie.
- ☞ Vertoners moet sorg dra dat hulle diere stiptelik vir beoordeling betyds is, anders kan hulle die risiko loop om hulle kanse tot mededinging te verbeur.

12 **REGSAANSPREEKLIKHEID EN KOSTES:**

- ☞ Die Genootskap kan in geen geval voorsiening maak, of verantwoordelik gehou word vir enige koste vir die vervoer van diere van of na die terrein nie.
- ☞ Alle diere word op die tentoonstellingsterrein gehou op koste en risiko van die vertoner.
- ☞ Elke vertoner sal persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige skade of verlies wat voortspruit uit die teenwoordigheid van lewendehawe deur hom vertoon en die Genootskap, sy agente, prinsipale, assosiate en werknemers, sal skadeloos gestel word teen enige geregtelike stappe in verband daarmee.
- ☞ Alle lewendehawe moet te alle tye gedurende die skouprogram onder behoorlike toesig te wees.